



KRITIESE DENKE ONDER KINDERS

Om krities te kan dink, is een van die belangrikste vaardighede wat jou kinders in vandag se vinnig veranderende wêreld nodig het. Met dié vaardigheid is hulle gerat om die uitdagings van die lewe te trotseer en dit selfs in suksesse te kan omswaai. Só sê Roelien Wiesner, terapeut en maatskaplike werker by die Vita Nova-terapiesentrum.

Sy sê die “inligtingsontploffing” wat rondom ons plaasvind, laat kinders weerloos. “Verby is die dae toe die stel ensiklopedieë die enigste waarheid was en almal dit geglo het. Die ontwikkeling van kritiese denke wat kinders in staat stel om inligting te analiseer, te evalueer en die waarheid daarvan, al dan nie, te verifieer, is kardinaal in vandag se lewe.

“Ons kan maar net kyk na hoeveel mense (volwassenes ingesluit!) in ’n valse web van sogenaamde feite, beloftes en inligting op sosiale media gevang word, omdat hulle nie kritiese denke toepas nie. Net soos wat jy jou kinders leer om links en regs te kyk voor hulle oor die straat stap, moet jy hulle leer om krities met inligting om te gaan.”

Maar **Sean Braswell**, ’n opvoedkundige kenner met vyf universiteitsgrade agter sy naam, skryf op die webwerf www.ozy.com dis uiters moeilik om krities te dink en dat dit nie vanself gebeur nie.

’n Kind wat krities dink, is ’n kind wat ’n leier is. Maar hoe maak jy seker jou kind ontwikkel dié belangrike vaardigheid in ’n wêreld waar kritiese denke noodsaaklik is?

Deur MARETHA BOTES

Volgens navorsing wat deur die Reboot Foundation onder 1 100 volwassenes gedoen is, het 25% gesê hulle soek nie die geselskap van mense op wie se lewensuitkyk van hul eie verskil nie, 20% het gesê hulle moedig nie hul kinders aan om ander se standpunte te bevraagteken nie, en 25% het gesê hulle help nie juis hul kinders om inligting te evalueer nie.

Sean vra waarom ons onself dan in hierdie kritieke denkprobleem bevind. Volgens die Reboot Foundation sê 26% van respondente die fout lê by die skoolstelsel en 27% meen die probleem lê by moderne tegnologie.

’n Ma van Centurion in Gauteng, **Marna de Villiers** (38), sê sy het al voor haar kinders se geboorte geweet hoe belangrik die ontwikkeling van kritiese denke is, maar dit voel soms vir haar asof dit een van haar moeilikste take as ouer is. “Veral as ek moeg is, die dag lank was en die

kinders ’n paar aktiwiteite agter die rug het, is dit moeilik om myself te herinner om hulle te help om verder te dink, meer vrae te vra en nuuskierigheid aan te wakker. Ek moet gedurig sê: Moenie Wikipedia toe hardloop as jy wonderlike naslaanboeke op jou rak het nie. Ek moet hulle help hoe om feite van fiksie te onderskei. Ek moet vrae vra soos: Hoekom dink jy is A reg en B verkeerd (is B ooit verkeerd)? Wat gaan jy doen as jou eerste poging vir môre se taak nie uitwerk nie.”

Dis beslis ’n groot uitdaging vir elke ouer. Aan die ander kant is ek elke dag opgewonde as my kinders uit hul eie ongelooflik oulike vrae vra en self onder mekaar oor die antwoorde begin spekuleer. Hoekom is sekere voëls se eiers gespikkel en ander s’n nie? Dit kan in ’n baie opwindende debat ontlaar. Laat hulle toe om eers ’n rukkie te wonder en te spekuleer, en soek daarna die regte antwoord.”

KRITIESE DENKE KWEEK LEIERS

Solank kinders blindelings volg wat ander sê en nie self kan dink nie, bly daar die kinders volgelinge. Sodra kinders self krities kan dink, ontpop daardie kinders as leiers. Só sê **dr Melodie de Jager**, die stigter van die Mind Moves Institute. “Mense aanvaar dikwels kritiese denke ontwikkel vanself. Dit is nie die geval nie. Dit is in interaksie met ander mense wat hierdie vaardigheid ontwikkel. Om krities te dink, stel ’n kind in staat om nie alles wat hy of sy hoor en sien vir soetkoek op te eet nie, maar self te dink en te bevraagteken voordat iets as die waarheid aanvaar word,” sê sy.

Dalena van der Westhuizen, ’n bedryfsielkundige en kogniewe ontwikkelingspesialis by Brainability, stem saam. Sy verduidelik: Jou vermoë om krities te dink, het ’n direkte impak op jou probleemoplossingsvermoë. Om krities te kan dink en dus ’n beter probleemoplosser te wees, is beslissend een van die vaardighede wat die meeste ouers in hul kind wil sien en wil ontwikkel. Ouers en onderwysers moet onthou dat nuuskierigheid, om oopkop te wees (oor nuwe benaderings, sienings, maniere van doen), en om buigsaam te wees die beginpunt tot kritiese denke is.”

Dalena sê ook dit is nie meer goed genoeg dat ’n kind bloot akademiese feite kan weergee nie. “Dit is baie belangriker om seker te maak dat jou kind wel oor die vermoë beskik om hoër of kritiese denke te kan genereer.

“Dit word ongelukkig in baie akademiese omgewings nie aangemoedig of ontwikkel nie. En tog kan ’n eenvoudige benadering in die klaskamer ’n groot verandering teweeg bring. Die Universiteit van Texas het byvoorbeeld nuwe sielkundevorsing wat aandui dat om van kinders te verwag om verduidelikings te lewer (oor hul benadering tot ’n spesifieke taak of probleem, hoe hulle by ’n spesifieke antwoord uitgekom het, hoekom hulle goed op ’n sekere manier gedoen het) hul leervermoë verhoog. “Kinders leer eenvoudig beter as hulle inligting (akademies en nie-akademies) moet inneem, verwerk en weergee (verduidelik).”

KAN ALMAL KRITIES DINK?

Dalena sê: “Dit is van die uiterste belang dat kritiese denke reeds van ’n jong ouderdom af ontwikkel moet word. Sou dit egter later blyk dat ’n kind met kritiese denke sukkel, ten spyte daarvan dat die ouers/onderwysers dit aangemoedig en probeer ontwikkel het, is dit nodig om te assesser of die kind se kognitiewe breinfunksies doeltreffend funksioneer.”

Volgens Roelien word kinders gebore met ’n natuurlike drang om van die wêreld rondom hulle te wil leer. Tussen die ouderdomme van drie en vyf maak hulle jou moedeloos met al die hoekom-vrae – soms op die ongemaklikste tye.

“Maar iewers tussen vyf en 18 verloor sommige kinders die wil om dinge krities te ondersoek. Ek het onlangs met ’n

regsdosent gesels wat dit bevestig. Volgens hom is dit skokkend om te sien hoe studente sukkel met enige vraag waar daar van hulle verwag word om inligting te analiseer, kreatief daarmee om te gaan en oplossings te vind,” sê Roelien.

In haar ervaring met gesinne vind sy dat die vinnige pas van die moderne lewensouers gedaan maak. Die TV, YouTube en speletjies word gou kinderoppassers.

“Ons onderwysstelsel het in 1995 probeer om nader aan ’n kurrikulum te beweeg waar kritiese denke aangemoedig sou word onder meer deur die byvoeging van die vak Lewensorientering. Die realiteit is egter dat ons stelsel steeds nie een is waarin kritiese denke floreer nie.”

GEE HIERAAN AANDAG

Volgens Melodie is taalontwikkeling ’n prioriteit. “Taal is nodig voor kinders kan dink. Kinders moet hul taal kan verstaan en kan praat,” sê sy. Taal neem drie tot vyf jaar om só te ontwikkel dat kinders kan dink, skryf en lees.

“Gesels met jou kind. Praat oor wat die

dag gebeur het. Dit ontwikkel woordeskat en logiese opeenvolging. Vra vrae en moedig jou kind aan om vrae te vra, maar ook te luister. Speel speletjies soos ‘ek sien iets met my klein ogies’, of ‘krieket’ wanneer julle ry (tel die verskillende kleure karre en gee punte vir elke kleur).”

PRAKTIESE WENKE

Laat genoeg tyd toe en skep genoeg geleenthede vir speel. Om op ’n informele manier uit te werk hoe dinge werk, is van onskatbare waarde vir die ontwikkeling van kritiese denke.

Al hoe meer navorsing bevestig die ontwikkelingswaarde van speel, en dat dit ver meer voordele vir ’n kind se ontwikkeling inhou as konstante formele/gestruktureerde aktiwiteite.

Vir kinders is vrye tyd baie belangrik – nuwe navorsing wys daar is groot voordele vir kinders in niksdoentyd en dat om soms verveeld te wees, belangriker is as om die een buitemuurse aktiwiteit ná die ander te hê. Vreemd maar waar!

Moenie jou kinders mikrobestuur nie. Moenie te gou inspring om met ’n oplossing te help nie. Maak seker jy gun hulle die kans om eers self deur ’n probleem te probeer werk en ’n oplossing te vind.

Vind uit hoe jou kinders se kognitiewe breinfunksies lyk – dit speel ’n belangrike rol in kritiese denke. ’n Professionele kognitiewe assessering is die ideale wegspringplek.

Vra byvoorbeeld: Wat dink jy? Wat dink jy sal gebeur as ...? Hoe sal jy hierdie probleem oplos? Is daar enigiets wat jy anders sou doen? Hoekom het jy besluit om dit só te doen?

Skep geleenthede vir jou kind om verantwoordelikhede aan te leer. Dit is belangrik om kinders uit hul gemaksone te neem. Hou dit ouderdomsgepas en begin byvoorbeeld deur jou kinders verantwoordelik te maak vir takies wat gewoonlik vir hulle gedoen is (tande borsel, aantrek, tas pak, skoolbroodjies maak, studierooster uitwerk, ensovoorts).

Besoek www.brainability.co.za en www.vitanova.co.za V